Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2026

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1 NASIENRIGLYN

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee ’n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ’n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na. Sien eers horisontaal en dan vertikaal na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: *DAARDIE WENGEVOEL KAN JOU ÁLLES KOS*

[Verwerk uit: Kuier 26 Maart 2026]

VRAAG		ANTWOORD	PUNT	DV
1.1	Dit was uit nuuskierigheid./Hy was nuuskierig./Nuuskierigheid		1	1
1.2	(Op die) Kaapse Vlakte		1	2
1.3	1.3.1	Figuurlik	1	3
	1.3.2	Dit is moeilik om vry te kom van dobbelverslawing. (of soortgelyk aan bogenoemde) *(Hierdie is ’n **stapelvraag**. Indien 1.3.1 verkeerd is, is 1.3.2 outomaties verkeerd.)*	1	3
1.4	• Hy het **sy werk** verloor. • Hy het **sy vrou** verloor. • Hy het die voorreg **om saam met sy kinders te woon**/ **sy kinders groot te maak**, verloor. (Enige TWEE of soortgelyk)		2	1

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.5	• "tranerig" • (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)	1	3
1.6	• Mense kan verander en hulle lewens ten goede omdraai. • Mense behoort tweede kanse te kry, want hulle leer dikwels uit hul foute. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	4
1.7	JA. • Miskien as daardie persoon self deur dobbelverslawing was en vir hom goeie raad kon gee. • As iemand hom teen die gevare van dobbel gewaarsku het, sou hy dalk versigtiger gewees het/dit glad nie gedoen het nie. **OF** NEE. • Hy sou nuuskierig gebly het en iewers anders probeer dobbel het. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	4
1.8	"dopamien-effek" *(Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)*	1	3
1.9.	• Hulle seuntjie was by hom in die woonstel. • Die Here het met hom gepraat. • Hy moes sy storie met andere deel.	1	1
1.10	• Hy het sy fout erken. • Hy het die geld terugbetaal. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	3
1.11	Hy was skaam oor wat mense van hom sou dink.	1	2
1.12	(Dit is ONWAAR, want) die teks sê dat hy weer in "ou gewoontes" verval het toe sy vrou gesê het dat sy wil skei.	1	3
1.13	• Dit is slegs Ismael se opinie. • Dit is wat Ismael dink/glo. • Daar is geen feite/bewyse om dit te staaf nie.	1	3
1.14	• Mense moet hulle probleem erken. • Hulle moet met hulle naastes/hulle mense praat. • Hulle moet vir rehabilitasie gaan. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	1

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

1.15	JA. • Hy het nie as 13-jarige besef watter uitwerking sy "nuuskierigheid" sou hê nie. • Hy het baie in sy lewe verloor. • Hy betaal duur vir sy foute. **OF** NEE. • Hy moes nie dobbel bo sy gesin gekies het nie. • Sy aksies het sy vrou en kinders benadeel. • Hy het van sy ma gesteel. • Hy het gesteel by die werk. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		1	4
1.16	1.16.1	D Ismael se vrou los hom.	1	2
	1.16.2	B Ismael word 'n dobbelverslaafde.	1	2
	1.16.3	A Ismael kry sy lewe in orde.	1	2
	1.16.4	E Ismael help en ondersteun ander.	1	2
1.17	JA. • Daar is altyd hoop in elke situasie. • Ismael kan bewys dat hy verander het. **OF** NEE. • Hy het sy familie baie skade berokken/ deur baie moeilike tye laat gaan *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		1	3
1.18	B/waarsku *(Letter/woord of albei aanvaarbaar)*		1	3
1.19	Ek sou vir hom sê: • Kyk vorentoe; laat die verlede agter. • Welgedaan, hou so aan! • Hou moed; alles gaan uitwerk. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		1	4

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

TEKS B: SO VERLAAT SA DOKTERS, VERPLEEGKUNFIGES DIE BEDRYF [Netwerk 24-grafika]				
1.20	Gesondheidsektor / mediese sektor / gesondheidswerkers		1	3
1.21	aptekers		1	1
1.22	Administratiewe personeel doen: • Die papierwerk/ rekenings van pasiënte • Hou mediese rekords op datum • Help mediese deskundige met administratiewe take • Ontvang pasiënte en maak afsprake • Hanteer oproepe Gesondheidswerkers: • Sien om na die gesondheid van pasiënte • Lewer mediese dienste • Kan ook spesifieke funksie noem, bv. gee inspuitings/doen operasies/doen mediese toetse, ens. *(of soortgelyk aan bogenoemde)* *(Albei kante moet genoem word om die punt te verdien)*		1	3
1.23	1.23.1	• Hulle werk baie hard • Word nie genoeg betaal nie • Lang werksure/skofte • Hulle werk is stresvol en veeleisend *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	4
	1.23.2	• Tekort aan opgeleide verpleegsters • Pasiënte kry nie genoeg aandag nie. / kry swakker diens *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1	4
1.24	Verwysing na SA/ Suid-Afrika		1	3
		TOTAAL AFDELING A:		**30**

Vlakke :

1+2 = 12
3 = 12
4+5 = 6
Totaal : **30**

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING B: OPSOMMING

Nasien van die opsomming

Die nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

Puntetoekenning:

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:
(Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die **feit nog sin maak** om die punt te verdien).

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

Verduideliking:
Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar 1 daarvan is ’n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir die taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir hierdie opsomming.

- Indien 2 direkte aanhalings of meer gegee is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel dan by volgende kategorie.

Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:
(Direkte aanhaling: Wanneer ’n hele sin of die kerngedagte of die grootste gedeelte van die sin woord-vir-woord volgens die vraestel is)

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
- 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
- 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken

Verduideliking:
Indien die kandidaat net 1 korrekte feit het en dit is ’n direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die aanhaling en geen punte vir taal nie.

LET WEL:

Getal woorde:

- Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70-woordegrens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming na die sin waarin die 75ste woord voorkom.

Kopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 2

TEKS C: WAT JY MOET DOEN OM BINNE 5 MINUTE RUSTIGER TE VOEL.

[Verwerk en aangepas uit: *Huisgenoot*, 19 November 2025]

DIREKTE AANHALING	EIE WOORDE
Baie mense dra spanning in hulle skouers en nek. **Laat doelbewus jou skouers deur die dag sak.** Chroniese laerugpyn hou verband met stres en angsverwante siektes. **Strek om** die pyn te verlig en **spanning in jou ruggraat te verminder**. Lê plat op die vloer en strek jou arms uit in 'n T-vorm. Bring jou regterknie op na jou bors en laat sak dit na links. Herhaal dan aan die ander kant.	1. **Laat sak jou skouers** (doelbewus) **deur die dag.** 2. Strek om spanning in jou laerug/ jou ruggraat te verminder. NB! [Vanaf "Lê plat" ……tot "Herhaal dan aan die ander kant" is bloot uitbreiding van die feit en verdien dus nie 'n punt nie.]
Eet vrugte soos mango's wat linalool bevat en stresvlakke verlaag. 'n Blokkie **donkersjokolade maak jou kalm omdat dit kortisolvlakke reguleer en jou metabolisme stabiliseer. Vervang koffie met groentee,** wat L-theanien bevat en woede kan help verlig. **Stel jou foon vir 5 minute en fokus net op jou asemhaling.** Haal diep asem en blaas dit stadig uit terwyl jy voel hoe die gewig op jou skouers ligter raak. **Gee jouself 'n handmassering om meer ontspanne te voel.** Sit handeroom aan en begin by die basis van die spier by jou duim masseer. **Hou jou gewrigte onder koue water as stres jou oorval.** As jy hierdie deel van jou lyf afkoel, kan dit help om jou hele liggaam te kalmeer. Onthou, 'n bietjie tyd vir jouself kan 'n groot verskil maak.	3. **Eet vrugte met linalool** om stres te verlaag. 4. **Eet donkersjokolade** vir kalmte. 5. **Drink groentee** eerder as koffie. 6. **Fokus vir 5 minute net op jou asemhaling.** 7. **Masseer jou hand.** / Doen 'n handmassering. 8. **Koel jou gewrigte af met koue water.**

TOTAAL AFDELING B: 10

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

- **Spelling:**
  - Eenwoord-antwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE

[*Die Burger*, 11 Maart 2026]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	• Mense wat hulle foto's op 'n Burger-voorblad wil hê. • Mense wat 'n spesiale geleentheid met die skep van 'n voorblad wil vier. • Mense wat hulle eie, unieke voorblad wil skep. *(of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.2	• Dit is groter geskryf. • Dit is vetgedruk. • Dit is in hoofletters geskryf. • Dit is boaan die voorblad. *(Enige twee of soortgelyk)*	2
3.3	"jy"/"jou"	1
3.4	eie	1
3.5	maksimum	1
3.6	Die teks gaan daaroor om jou spesiale dag op 'n Burger-voorblad vas te vang en in die advertensie is daar voorbeelde van sulke voorblaaie/ Die teks noem dat jy voorbladnuus is en die prente illustreer foto's en name van mense op voorblaaie. *(of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
3.7	• Die bankbesonderhede. • 'n Kontakpersoon vir navrae *(Enige EEN)*	1
3.8	• "Jy is voorbladnuus" • Die verwysing dat jy 'n voorbladster is.	1
3.9	Die produk is nie (te) duur nie.	1
		[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 4		
TEKS E: STROKIESPRENT		
[Verwerk en aangepas: *Die Burger*, 4 April 2026]		
VRAAG	**ANTWOORD**	**PUNT**
4.1	• Sy mond hang oop/is groot oop. • Sy oë is wydgerek/groot oop/groot • Hy is vooroorgebuk • Hy leun nader aan Ma *(of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.2	Ma sê dat **sy** jammer **is**.	1
4.3	Ma dink aan ’n geskikte antwoord. Ma dink/wonder nog hoe om te reageer. Ma voel verleë en soek na woorde. *(of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.4	Hy hou sy hande op.	1
4.5	**Gee** dit ons nou ’n heel nuwe woordeskat**?**	1
4.6	Sy wys met haar vinger Haar **mond wys** dat sy **kwaai** is. (Aanvaar nie mond groot oop nie) Haar wydgerekte **oë wys** sy is **ontevrede**	2
4.7	• Sy wil nie regtig vloek nie. • Sy wil `n voorbeeld stel.	1
4.8	Hy dink hy ook nou mag vloek.	1
4.9	Sy het gevloek, maar sy wil nie hê Jeremy moet vloek nie.	**1**
		[10]

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5.1

TEKS F: ARTIKEL
[Verwerk uit *Huisgenoot*, 24 Oktober 2025]

VRAAG		ANTWOORD	PUNT	DV
5.1	5.1.1	teddiebere *(sp)*	1	1
	5.1.2	Hulle **sal** eerder snoesig saam met hulle gunstelingtroeteldiere **opkrul**. *("opkrul" moet as EEN woord geskryf word om die punt te verdien)*	1	3
	5.1.3	langer *(sp)*	1	1
	5.1.4	VSA *(Geen punte nie)*	1	1
	5.1.5	Die kinders **deel** hulle toebroodjies.*(share)* **Deel** honderd deur twee.*(divide)*	1	6
	5.1.6	Die kinders spandeer tyd saam met slange terwyl hulle huiswerk doen**,** lees en in die bed lê en TV kyk.	1	3
	5.1.7	ongelooflik**e** *(sp)*	1	6
	5.1.8	met *(sp)*	1	1
	5.1.9	eenduisend/ een duisend *(sp)*	1	1
	5.1.10	ver-sa-me-ling ver/sa/me/ling ver sa me ling *(Enige van die bostaande. Die verdeling moet korrek wees)*	1	4
	5.1.11	Die slange **word deur** die kinders **versorg**.	1	3
	5.1.12	Hulle word van kleinsaf geleer hoe **om** die slange **te hanteer**.	1	3
	5.1.13	bakkie**s** *(sp)*	1	1
	5.1.14	Socratis se ma is egter doodbang vir slange; daarom **sal sy** nie eens na 'n foto van 'n slang kyk nie.	1	6

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.

VRAAG 5.2				
TEKS G: PRENT [Bron: clipart-library.com]				
VRAAG		**ANTWOORD**	**PUNT**	**DV**
5.2	5.2.1	kolle	1	1
	5.2.2	Pa plaas **die ster versigtig op die boonste takkie**.	1	3
	5.2.3	Die seun help **nie** altyd sy pa om die boom te versier **nie**. Die seun help **nooit** sy pa om die boom te versier **nie**.	1	3
	5.2.4	versier**de**	1	3
	5.2.5	tuis	1	6
	5.2.6	spierwit/sneeuwit/krytwit/melkwit *(Moet EEN woord wees)*	1	1
			[20]	
		TOTAAL AFDELING C:	**40**	
		GROOTTOTAAL:	**80**	

VLAKKE:
1 + 2 = 8
3 + 4 = 8
5 + 6 = 4
20

BlaKopiereg voorbehou

Dankie dat u www.ecexams.co.za kies om eksamendokumente af te laai.